
# Drom toe.
# Nie drein toe nie.

## Gooi jou afval behoorlik weg om verstopte toilette, dreine, wasbakke en rioolpype te voorkom



**Weggooikos hoort in die drom,** en moenie in die wasbak, drein of toilet afgespoel word nie. Vrugte- en groente-afval eneierdoppe kan gebruik word om kompos te maak.




**Moenie lappe en koerantpapier in die toilet afspoel nie.** Hierdie voorwerpe ontbind nie.




**Gooi skille in die drom of maak kompos daarvan.** Skille ontbind nie maklik nie en sit in die pype vas, wat verstoppings veroorsaak.




**Moenie babadoeke en sanitêre doekies in die toilet afspoel nie –** dit absorbeer water en sit uit, wat verstoppings veroorsaak.




**Vee kookvet,** olie of vetterigheid uit die pan, en moenie dit in die drein of toilet afspoel nie.



**Weggooibare lappies, oorstokkies, kondome en hare** pak saam met ander voorwerpe vas en veroorsaak verstoppings.



**Gebruik 'n siffie in die wasbak se afloop om te keer dat kos-** of ander afval by die drein afspoel en verstoppings veroorsaak.



**Maak seker dat reënwatergeute** nie in die rioolstelsel uitloop nie, want dit oorlaai die pype en veroorsaak dat riool oorloop.

## Vir meer inligting:

Gaan na **www.capetown.gov.za/blocked-sewers**

**Belangrike kontakinligting**
**Meld** rioolverstoppings, verwyderde dreindeksels, vandalisme, gebarste pype, lekkasies en watervermorsing aan deur **een van die onderstaande opsies te gebruik. Gee die straatadres en kry 'n verwysingsnommer**

Aanlyn **www.capetown.gov.za/servicerequests**
E-pos **water@capetown.gov.za**
SMS **31373** (maksimum van 160 karakters)
Bel **0860 103 089**
Gaan na 'n **Stad-instapsentrum, kyk www.capetown.gov.za/facilities**

**Bel 0860 103 089** om oorstromings, pad- en stormwaterprobleme, onwettige storting en die verwydering van dooie diere (slegs op openbare grond en paaie) aan te meld. Kies opsie 1.

CITY OF CAPE TOWN
ISIXEKO SASEKAPA
STAD KAAPSTAD

Making progress possible. Together.